

## BOEKBESPREKINGS

Joseph Lehmann: *The First Boer War*. Jonathan Cape, London 1972, 330 pp. Prys R8,50.

Dit was aan 'n buitelanders, 'n Amerikaner, beskore om die eerste groot monografie in die moderne tyd oor die Eerste Vryheidsoorlog te skrywe. Hy is prof. Joseph Lehman wat uit Oostenrykse ouers in 1921 in Chicago gebore is, sy opleiding as historikus aan die *North Western University* ontvang het, en tans as professor in geskiedenis dien aan die De Paul University in Chicago.

Ons sê die eerste groot monografie in die moderne tyd — die rede is dat die laaste werk oor die Eerste Vryheidsoorlog eintlik tydgenootlike werk was soos dié van Carter en Weilbach en Du Plessis, terwyl Pieterse herinneringe aan die oorlog eers in die 20ste eeu te boek gestel het. In algemene en besondere of biografiese werk, is wel na die Eerste Vryheidsoorlog verwys, asook in die dissertasie van dr. M. Heyns. Maar die groot boek wat die *hele* Vryheidsoorlog én die omstandighede behandel waaronder dit ontstaan het, het uitgebly — afgesien van O. Ransford se onlangse *Battle of Majuba Hill*, wat 'n beperkte tema dek.

Waarom is die Eerste Vryheidsoorlog verwaarloos in ons historiografie? Van *Afrikanerkant* omdat die Tweede Vryheidsoorlog so gou daarop gevolg het. Daar was nie professionele Afrikanerhistorici in die 19e eeu om dit te beskryf nie. En toe hulle in die 20e eeu verskyn het, het die groot lig van die Tweede Vryheidsoorlog die kleiner lig van die Eerste laat verdof. Dringende aandag is aan die Tweede gegee. Van *Engelstalige* kant is ook nie veel gedoen nie, moontlik omdat die Eerste Vryheidsoorlog — én Majuba — alles behalwe plesierige herinnerings gehad het. Vir hulle het die aandag in die 20e eeu meer na Blank-Nie-blanke verhoudinge uitgegaan.

Lehman gebruik die term „First Boer War” om dié oorlog te onderskei van die „Second Boer War”. Wat vir die Afrikaners 'n „Vryheidsoorlog” was — die term is vrywel direk na dié oorlog deur hulle gebruik — was vir die Engelstaliges „A Boer Rebellion”. Die term „Tweede” is spoedig gevoeg by die oorlog van 1899-1902. Uit die *aard* van die historiese gebeurtenisse het die terme „Eerste” en „Tweede” Vryheidsoorlog ontstaan.

Lehmann wat vroër 'n boek gepubliseer het oor sir Garnet Wolseley nl. *All Sir Garnet*, het deur sy Wolseleystudie die Eerste Vryheidsoorlog leer ken, en aan die hand van amptelike en baie ongepubliseerde private dokumente in Brittanje en Suid-Afrika 'n breedopgesette beeld van die gebeurtenis gerekonstrueer. As buitestander wat die feite vanaf 'n afstand benader, was hy in 'n posisie om nóg die Boere, nóg die Britse kant te kies, hoewel hy nie onkrities teenoor die Boer en sy karakter en lewens- en wêreldbeskouing, of dié van die Brit staan nie. Sy kennis van die Amerikaanse Vryheidsoorlog en sy eerbied vir die onafhanklikstrewende en -stryd, het hom 'n dieper begrip gegee van die ontstaan, verloop en betekenis van die Eerste Vryheidsoorlog. Volgens Lehmann het die oorlog 'n beslissende uitwerking gehad nie slegs op Afrikaner-nasionalisme nie, maar ook op die verdere verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Dit is 'n geslaagde boek hierdie met groot detailstudie en ewewigtige oordele, hoewel foutief in enkele kleinere besonderhede. Dit is 'n goeie bydrae tot ons kennis van die Eerste Vryheidsoorlog.

Dit beteken eger nie dat die laaste woord oor hierdie gebeurtenis gesê is nie. Prof. Lehmann lees nie Hollands of Afrikaans nie. Daar is baie dokumente wat onvertaald gebly het, wat die Boerekant dieper en breedvoeriger

kon belig het. Nieteenstaande sy bronne wat hoofsaaklik in Engels was, het hy nogtans daarin geslaag om ook tot die Boerekant deur te dring. Weer eens, sy posisie as onbevooroordeelde buitestander het sy siening en vertolking van die Oorlog ten goede gekom.

In die akademiese en politieke klimaat van die huidige wêreld, waarin die naam Boer en Afrikaner *anathema* is, doen die werk van Lehmann as verfrissend, moedig en onafhanklik aan. Laat ons hoop dat hy sy volgende werk — dié keer oor sir Harry Smith — in dieselfde gees as sy *First Boer War* aanpak.

F. A. van Jaarsveld

Percy M. Clark. *The Autobiography of an Old Drifter*. Books of Rhodesia, Bulawayo, 1972. R\$6,50 (Appr. R7,80).

This autobiography with its wealth of anecdote and reminiscence was first published in 1936 by George G. Harrap of London. Since then it has become a collector's piece and as such obtainable only in Africana bookshops at exorbitant prices. For that reason among others the Books of Rhodesia Publishing Company's facsimile reproduction of *The Autobiography of an Old Drifter* as volume twenty-six in the Rhodesiana Reprint Library is to be welcomed.

The writer, Percy Clark, was born in Cambridge in 1874. After holding various jobs in England as laboratory assistant and photographer he received an offer from a firm of chemists to open a photographic department in Bulawayo, an offer which he accepted. He arrived in Cape Town when the Anglo-Boer War was in progress and set out for Rhodesia by train.

During his short but interesting stay in the pioneer town of Bulawayo, he among other things took the first flashlight photograph in Southern Rhodesia, had the honour to meet and photograph Cecil John Rhodes shortly before his death in 1902 and was present at his funeral in the Matopos. After leaving the photographic firm owing to a misunderstanding, Clark was determined to be his own master and at the same time to see more of the country of his adoption. In the next few months he travelled extensively, photographing his way through the Gwanda district south of Bulawayo. Eventually he decided to make a trip to the Victoria Falls and from there down the Zambesi to the coast.

Clark arrived at the Victoria Falls on May 8, 1903, after travelling to the railhead by construction train, to Wankie colliery by ox-wagon, and from there on foot, with eighteen porters carrying his belongings. After an up-river journey past the Gonye Rapids to Lealui, Clark settled down at Sesheke for quite a considerable time. Eventually he found his way downstream to the Victoria Falls and made his headquarters at the so-called Old Drift five miles above the Falls. In those days the Old Drift was the port of entry from Southern Rhodesia to North-western Rhodesia (the present Zambia) and comprised two or three small trading stores and about a dozen white men known as 'Old Drifters'.

When the railway line to the Victoria Falls was completed in 1904, Clark became the first permanent White settler there. His curio shop alongside the railway station in due course became known to travellers the world over. He also was a pioneer of tourism. In 1908 he bought nine canoes from Canada, also a motor launch, and started a boating business. After he had sold this he started a ricksha service.

With *The Autobiography of an Old Drifter* Clark has left a rich pictorial (32 photographs) and written record of life on the Zambesi. Himself one of the most colourful of the early settlers, he wrote with ready wit and humour

about the rough but romantic days when Rhodesia passed from savagery to civilisation.

A. G. Oberholster

*Editor's Note:* Other volumes in the Rhodesia Reprint Library Series include the following titles which might interest South Africans and especially collectors of Africana:

Thomas Baines: *The Gold Regions of South Eastern Africa* (Published October, 1968)

F. C. Selous: *Sunshine and Storm in Rhodesia* (Published December, 1968)

Randolph S. Churchill: *Men, Mines and Animals in South Africa* (Published October, 1968)

T. M. Thomas: *Eleven Years in Central South Africa* (Published April, 1970)

F. C. Selous: *A Hunter's Wanderings in Africa* (Published December, 1970)

W. A. Willis and L. T. Collingridge: *The Downfall of Lobengula* (Published June, 1971)

J. T. Bent: *The Ruined Cities of Mashonaland* (Published June, 1969)

J. G. McDonald: *Rhodes — A Life* (Published April, 1971)

R. N. Hall and W. G. Neal: *The Ancient Ruins of Rhodesia* (Published May, 1972)

(Subscribers can obtain all these books as well as all back numbers at a special price directly from the publishers — Books of Rhodesia, P.O. Box 1994, Bulawayo, Rhodesia).

Tabler, E. C. (Ed.): *James Chapman, Travels in the Interior of South Africa, 1849-1863*, 2 dele, pp. XVI, 258 en XIV, 244, landkaarte, fotos, ill. Kaapstad, A. A. Balkema, 1971. R15 stel.

Daar word deesdae baie reisverhale oor die binneland van Suidelike Afrika gepubliseer. Party is noukeurig, ander meer oppervlakkig. Min is egter so grondig en vorm tegelykertyd sulke vlot en boeiende leesstof as the reisverhale van James Chapman. Die oorspronklike uitgawe van sy *Travels* is deur verskillende redakteurs aansienlik verkort. Tabler publiseer hier vir die eerste keer die volledige manuskrip. Verskillende jagtaferele is nou baie uitvoeriger, maar die leesbaarheid word hierdeur selfs verbeter. Hoewel Champan se taal en stylgebruik aansienlik verbeter is deur die redakteur, bly die inhoud as sodanig dieselfde. Chapman onderskei duidelik tussen wat wel en wat nie belangrik is nie. Sy relaas gaan tot in besonderhede as dit interessant is, maar onbenullighede roer hy nouliks aan.

Die eerste deel handel hoofsaaklik oor jag en handelsreise na die binneland: Mooirivier, Marico, Natal en sy eerste reis na die Ngami-meer. 'n Mens kan jou nouliks indink dat dit alles segs 120 gelede was, soos lees wat snags in Harrismith 'n daadwerklike gevaar was.

Chapman is in Kaapstad gebore en het spoedig groot belangstelling gehad vir handel, reis en jag. Vir sulke ambisies was Suid-Afrika 'n ideale plek. Hy het eers in Durban gaan woon, later in Potchefstroom. Hiervandaan het hy kort jagreise gemaak en hy het herhaaldelik terug na Natal gereis om nuwe voorraad aan te koop. In 1852 maak hy sy eerste lang reis na die onbekende gebied ten noorde van die Makarikar.

'n Jaar later reis hy na die Choberivier en Ngamimeer, maar as gevolg van vrees van sy roeiers vir die Matabele het hy nie die Victoria-waterval bereik nie. Dis tydens hierdie reis dat hy besluit het om te probeer om die Zambesirivier oop te stel vir handel en verkeer. In 1854 vind ons Chapman weer in Ngamiland, maar in 1857 word sy reislus onderbreek deur sy huwelik met Catherine Roome. Nogtans is hy twee jaar later tog weer by Ngamimeer

en trek hy daarvandaan na Suidwes-Afrika.

Die tweede deel handel hoofsaaklik oor die reis van Chapman met Baines na die Zambesi tussen 1860 en 1863. Tydens hierdie reis is hulle deur siekte geteister, was daar tekort aan medisyne en kos en was daar onenigheid tussen die lede van die ekspedisie, met uitsondering van die twee leiers. In 1864 is Chapman terug in Kaapstad. Hy besef nou dat sy Zambesiplanne onuitvoerbaar was. Hy is in 1872 naby Kimberley oorlede.

Chapman was 'n uitstekende kenner van Bantoetale, terwyl hy 'n groot belangstelling gehad het vir diere, plante en veral voëls. Hoewel hy Engels-sprekend was het hy nogtans met baie Afrikaners bevriend geraak. Deur sy neutrale en gesonde kyk op mense is baie van sy opmerkings belangrik en interessant.

Hierdie uitgawe van sy volledige manuskrip is uitgebreider as enige vorige uitgawe van Chapman se reisverhale. Die manuskripte lê versprei in die argief in Windhoek, die Oppenheimerversameling in Johannesburg en die sir George Grey-versameling in Kaapstad. 'n Aantal briewe van Chapman aan sir George Grey is opgeneem, waarin verdere toeligting oor sy reise aangetref word. Chapman was die eerste reisiger wat suksesvolle foto's in die binneland gemaak het. 'n Aantal hiervan is in die boek afgedruk.

Dit is die eerste volledige uitgawe van een van die belangrikste reisverhale oor Suidelike Afrika in die vorige eeu. Die boek is netjies uitgegee, mooi geïllustreer, en dis deel 10 in die bekende reeks van Suid-Afrikaanse biografiese en historiese studies.

F. G. E. Nilant

D. J. Roorda, *Het rampjaar 1672*. Fibula-Van Dishoeck, Bussum, 1971. Pp. 120, met afb., bibliografie, register.

Twintig jaar nadat die Blanke nedersetting aan die Kaap tot stand gekom het, was die voortbestaan van Nederland, as gevolg van 'n viervoudige diplomatieke-, gevolg deur 'n militêre aanslag, in die weegskaal. Frankryk, Engeland, Keulen en Münster het die Republiek belaag wat op militêre gebied (landmag) in 'n treurige toestand verkeer het. Politieke verdeeldheid het dié gevare vererger.

Hierdie onderwerp is in die verlede deur 'n groot aantal Nederlandse historici beskryf. Sommige was pro-Oranjesind, ander het die kant van prins Willem III se teenstander Johan de Witt en sy aanhangers gekies. Ander weer het hul verhaal romanties gekleur. Dr. Roorda het 'n aantal misvattinge, o.m. die krag van Johan de Witt en die syne, reggestel, tewens aangetoon dat die militêre beskerming wat van die twee waterlinies (Ijssel, wes van Utrecht) reeds in 1672 oorskat is, die lafhartigheid van 'n aantal ryk Nederlanders aan die kaak gestel en duidelik beklemtoon dat, namate die buitelandse bedreiging in 1672 verswak het, die bedreigde Nederlanders in 'n gunstiger posisie verkeer het. Hy het ook die vinger op die nadelige uitwerking van die feit gelê dat Nederland, net soos ander Europese moondhede in daardie tyd, nie oor 'n nasionale krygsmag beskik het nie.

Dr. Roorda het veral sy belangstelling na die volksmassa en hul invloed op die toenmalige Nederlandse plaaslike- en landsbestuur laat uitgaan en tot die gevolgtrekking gekom dat ook na die verskuiwing van die binnelandse staatkundige en politieke oorwig na die prins van Oranje, de minimale invloed van die eersgenoemde groep geen verbetering ondergaan het nie. Hoogstens is die volksmassa deur die partyleiers as 'n hefboom gebruik of misbruik.

In verband met 1672 stel die skrywer die vraag of landswye herdenkings in dié verband gehou moet word of nie. Vroeër was, volgens hom, eersgenoemde

neiging sterker as vanadg. 1672 was, in die Nederlandse geskiedenis, 'n jaar vol dramatiese gebeurtenisse met 'n gelukkige afloop. Ek stem saam met die skrywer waar hy verklaar dat so 'n herdenking van nut is om met onjuisthede, foute, legendes en buitelandse misvattinge oor die verlede van 'n land af te reken. Tewens verklaar die skrywer dat, in teenstelling met vroeër, die maatskaplik-historiese, die maatskaplik-psigologiese aspekte en die lokale sfeer van die verlede meer aandag geniet. Die Nederlandse historici het die sewentiende eeu weliswaar nie verwaarloos nie, maar in die lig van bostaande beskou is dr. Roorda se publikasie beslis 'n aanwys. Veral ons studente kan hierdie werkie met vrug raadpleeg.

Jan Ploeger

Marius J. Swart: *Wêreldleiers*. Butterworths, Durban, 1972, 185 pp. Prys onvermeld.

Prof. M. J. Swart, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth, het bekend geword vir sy kort populêre semi-biografiese studies oor leiers buite Suid Afrika. *Wêreldleiers* is 'n opvolgboek van *Nogtans Leiers en Raar Leiers*.

In *Wêreldleiers* word aandag gevra vir Nero, Karel die Grote, Wycliffe, Dias, Savonarola, Zwingli, Loyola, Philips II, Tromp, Cromwell, Madame de Pompadour, Cook en Bernadotte. Hulle is willekeurig gekies en gerangskik en in verskillende terreine — van politiek en militêr tot ontdekking en godsdiens.

Die studie van leiers is 'n fasinerende onderneming veral in vergelykende sin. Die boek is egter nie teoreties bedoel as 'n ontleding van die eienskappe van 'n leier nie. Die hoop word uitgespreek dat dit nog wel onderneem sal word. *Wêreldleiers* is gerig op die vertelling oor die lewens van genoemde mense. Hoërskoolleerlinge, universiteitstudente en die liefhebber van geskiedenis in die algemeen sal die boek nuttig vind. Dit is interessant om te weet hoe 'n leier gevorm word, hoe sy tyd en omstandighede hom na vore bring, hoe hy sy tyd beïnvloed en 'n erflating aan die nageslagte besorg, wat hom herinneringswaardig maak, ook hoe die tydgenootlike en nakomende historici oor die vertolking van sy lewe van mekaar verskil. By die lewe van Oliver Cromwell mis 'n mens 'n verwysing na Leopold von Ranke se insiggewende biografie oor hierdie figuur.

Daar word weinig of byna niks in Suid-Afrika oor die Algemene Geskiedenis gelewer nie, om bekende redes — afstand van die bronne, 'n oorvloed buitelandse literatuur wat onvertaald op universitêre vlak benut word, voldoende plaaslike materiaal om vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verwerk, gebrek aan spesialisasie in die Algemene Geskiedenis en miskien gebrek aan energie, gesien die feit dat ons nog heelweinig handboeke vir universitêre gebruik gelewer het.

Prof. Swart voorsien in 'n behoefte. Moontlik het die afstand van sy universiteit van plaaslike bronne hom aangewese laat voel op die Algemene Geskiedenis. Die hoop word uitgespreek dat hy in die veld wat hy vir spesialisasie gekies het, nog veel sal lewer tot nut van universitêre opleiding. Daar bestaan ook behoefte aan soortgelyke semi-biografiese sketse van die erflaters van ons Suid-Afrikaanse beskawing.

F. A. van Jaarsveld